# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
# GRAAD 8

# VRAESTEL 1

**Eksaminator**: Mnr. D. Koen
**Moderators**: Mnr. T. Scholtz
Me. M. Muller
Me. T. Bakkes

**Tyd**: 2½ UUR
**Totaal**: [100]
**November 2015**

Leeruitkomste en Assesseringstandaarde:

**LU 2 (AS'e 2.1, 2.2, 2.4.), LU 4 (AS'e 4.1, 4.3, 4.4)**

**INSTRUKSIES**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **14** bladsye.
2. Lees die vraestel deur voor jy die vrae beantwoord.
3. **Beantwoord alle vrae in Afrikaans.**
4. Trek 'n **kantlyn** aan die **REGTERKANT** van elke antwoordblad.
5. Nommer jou antwoorde presies soos dit op die vraestel verskyn.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Goeie taalgebruik en spelling sal in jou guns tel.
8. Sterkte en lekker skryf!

**<u>AFDELING A</u> - Begriplees**

**<u>VRAAG 1</u>**

<u>Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg in jou **EIE woorde** tensy anders gevra word</u>.

# *Die wonderlike verhaal van Marco Polo*

Byna sewehonderd jaar gelede is daar in die Italiaanse stad, Venesië, ’n seuntjie gebore wat later baie beroemd sou word. Sy naam was Marco Polo.

Marco se vader was ’n ryk koopman wat handel gedryf het met lande in Asië. Daar was destyds in Europa baie min bekend oor die lande in die Ooste; daarom het Marco Polo met groot belangstelling geluister na die verhale wat sy vader oor sy reise vertel het.

Toe hy sewentien jaar oud was, het hy sy vader en sy oom oor hoë berge en dorre woestyne op ’n reis na die Ooste vergesel. Die reis, wat drie jaar geduur het, is met kamele afgelê. In die Ooste is hulle vriendelik ontvang in die land waar Kublai Khan geheers het (die huidige China). Al drie het by laasgenoemde in diens getree en hom sewentien jaar lank so goed gedien dat die Oosterse heerser hulle met kosbare geskenke oorlaai het. Hy het hulle ook by hulle vertrek tot in die Persiese Golf laat neem. Marco Polo self kon die taal van Kublai Khan se mense vlot praat.

Vanaf die Persiese Golf het hulle oor land gereis na die Middellandse See en daarvandaan per skip na hul geboortestad, Venesië, wat hulle 25 jaar tevore verlaat het. Marco Polo is in 1324 op sewentigjarige ouderdom oorlede, maar voor sy dood het hy al sy wedervaringe op skrif gestel. Hierdie boek word vandag nog gretig gelees. (245 woorde)

**[Bron: Van Heerden, P.W. 1987. *Afrikaans vir die Middelbare Skool Standerd 7*. Kaapstad: Via Afrika Uitgewers.]**



**(Blaai asseblief om…)**

1.1. Waarom het Marco Polo as jong seun baie in die Ooste belanggestel? (1)

1.2. Watter **taal** het Marco Polo tydens sy verblyf in die land van Kublai Khan leer praat? **(Jy moet die woord reg spel.)** (1)

1.3. Verduidelik waarom die reise van die Polo-gesin so goed bekend is. (1)

1.4. Waarom, dink jy, het hulle die reis oor land met **kamele** afgelê? Verduidelik. (1)

1.5. Hoe het die Oosterse heerser vir hulle **dankie gesê** vir al hulle getroue diens aan hom? (1)

1.6. Hoe **oud** was Marco Polo toe hy sy pa en oom na die Ooste vergesel het? (1)

1.7. Hoe oud was hy toe hy uiteindelik weer in sy geboortestad aangekom het? (1)

1.8. In watter **stad** en **land** is Marco Polo gebore? (2)

1.9. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? **Haal 'n sin uit die teks aan** om jou antwoord te motiveer.

*Marco Polo se reisjoernale word nie meer vandag deur baie mense gelees nie.* (2)

1.10. Watter bekende **motorfabrikaat** het een van hul modelle na Marco Polo vernoem? (1)

1.11. Haal **EEN WOORD** uit die **tweede paragraaf** aan wat dieselfde as "handelaar" beteken. (1)

1.12. In watter **land** was die Kublai Khan se koninkryk geleë? (1)

1.13. **Hoe lank** het die Polo's se reis na die Ooste geduur? (1)

**[15]**

==================================================================




**(Blaai asseblief om…)**

**Vraag 2**

**Bestudeer die onderstaande paragraaf en beantwoord die daaropvolgende vrae.**

## CHOLERA: WAT OM TE DOEN

1. Een uit elke twee mense wat cholera kry en nie behandel word nie, sterf binne 'n dag. Aan die ander kant sterf net 1% van die mense wat die regte behandeling kry. Die goue reël is: gaan dadelik dokter toe.

2. Cholera begin met 'n skielike pynlose diarree wat soos ryswater lyk. Dit begin ongeveer 24 tot 72 uur na infeksie. Siekes word dors en kry spierkrampe omdat hulle vinnig baie water verloor. Hul oë sink in en hul vel kry plooie. Hulle moet baie vloeistof drink.

3. Cholera versprei in besmette water. Om jou teen hierdie siekte te beskerm, moet jy jou drinkwater kook of gebottelde water gebruik. Rou groente en vrugte wat nie in skoon water afgewas word nie, kan ook die siekte versprei.

4. 'n Pasiënt se diarree en vomering is hoogs aansteeklik. Maak alles met 'n Jik-oplossing skoon, sodat ander mense nie aansteek nie.

[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Maart 2009]

2.1 *Elke mens wat cholera kry, sterf.*

2.1.1 Is die stelling hierbo **WAAR** of **ONWAAR**? (1)
2.1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.1.1 deur uit die leesstuk **aan te haal**. (1)

2.2 Hoe lyk iemand wat cholera het? Noem **TWEE dinge**. (2)

2.3 Daar is cholera in die omgewing. Noem **DRIE dinge** wat jy sal doen sodat julle dit NIE kry NIE. (3)

2.4 Watter **advies** word gegee aan iemand wat cholera het en baie water verloor het? (1)

2.5 *Die diarree begin onmiddellik na die infeksie.*

2.5.1 Is die stelling hierbo **WAAR** of **ONWAAR**? (1)
2.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.5.1 deur uit die leesstuk aan te haal. (1)


**[10]**

==========================================================

**(Blaai asseblief om…)**

**Vraag 3**

Bestudeer die onderstaande strokiesprent deur Fred Mouton en beantwoord die daaropvolgende vrae. Volsinne word nie vereis nie.




[*Die Burger*, 2 November 2011]

3.1. Wat is die **tema** van hierdie strokiesprent? (1)

3.2. Waarom lyk die planeet so **moeg** en **ongelukkig**? Verduidelik. (2)

3.3. Waarna verwys die **swart wolke** in die strokiesprent? (1)

3.4. Wat bedoel die planeet wanneer hy sê dat "daar sowaar nou genoeg van julle en te min van my is"? (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

================================================================

**(Blaai asseblief om…)**

**AFDELING B - Opsomming**

**Vraag 4**



- Lees die onderstaande teks versigtig deur.
- **Identifiseer VYF maniere om beter vir die eksamen voor te berei.**
- Skryf die sinne neer deur dit van **1 tot 5 te nommer**. (Byvoorbeeld: 1, 2, 3, 4, 5)
- Jou opsomming mag **nie korter as 60 woorde of langer as 80 woorde wees nie**.
- Skryf jou totale aantal woorde aan die **EINDE** van jou opsomming neer.
- Gebruik dieselfde **OPSKRIF** as wat in die teks verskyn.
- Elke feit moet in **EEN VOLSIN** in jou **EIE WOORDE** neergeskryf word.

## *Maniere om beter vir die eksamen voor te berei*

Dis amper weer tyd vir eksamen! By heelwat skole begin die groot gestres oor die **eksamen** al hoog loop.

Hier is **maniere** wat jou sal help om jou eksamen met **produktiwiteit, positiwiteit en uithouvermoë** te slaag.

**1. Gee aandag in die klas**

As jy vanjaar tot dusver in die skoolbanke geslaap het, kan jy gerus oplet in die laaste paar klasse van die kwartaal en let op watter werk hersien word. Die onnie gee dalk net wenke oor wat jy in die eksamen kan verwag.

**2. Slaap genoeg**

Om te leer, moet jy slaap, skryf prof. George Johnson. Die brein sowat ses uur se slaap nodig om nuwe kennis optimaal te benut. Om deurnag kennis in te “cram” gaan jou dus niks baat nie.

**3. Bestuur jou tyd**

Tydbestuur moet die wagwoord wees as jy studeer. Werk 'n realistiese rooster uit wat jy elke dag kan volg.

**4. Eet slimkos**

Kos speel 'n baie belangrike rol in toets- en eksamentyd. Gesond eet kan help om jou bui te verbeter. Bly ook in eksamentye weg van kitskos. Eet eerder blokkies kaas, vrugte, neute en groente terwyl jy studeer.

**5. Wikkel daai bene**

Oefen, oefen, oefen! Gaan stap om die blok om suurstof deur jou are te laat borrel.

**[Bron: *Jip*, 11 Mei 2010]**

**TOTAAL ADFELING B: [10]**

**(Blaai asseblief om…)**

**AFDELING C - Poësie**

**Vraag 5 - Ongesiene gedig**

<u>Die volgende vrae is gebaseer op Ernst van Heerden se gedig, "Sirkus op die Karoodorp". Lees die gedig deur en beantwoord die vrae soos gevra word.</u>

# Sirkus op die Karoodorp


Groter as twee kerke
op ons dorpsmeent aangelê
is **Pagel** se sirkustent:
by stink gegrendelde dierehokke
kan ons die leeus se hap en grom betrag,
as bedeesde toekykers die olifante
hoor sketter aan hul kettings,


en sien hoe die skraal trapeesmeisie
haar hande doelbewus met wit bestryk
voor sy die dun koord voetjie-voel betree.

Maar vanoggend dui alle woelighede op vertrek:
die grootste tentballon het ingesak, is opgerol,
stringe reënboogliggies afgetakel,
die karavane krakend tot konvooi gedril;
algaande sal net 'n mishoop en 'n dwaalreuk oorbly
waar 'n dorpsbrak nog sal snuif en tjank.

Deur ons gesprekke loop fantasieë wild
en word ons vir 'n afgemete tyd
weer oerwoudjagter, temmer van gevaar,
en loper op 'n hoë garingdraad wat wieg.

Kortstondig
kon ons in 'n vertrapte lewe
gisteraand se blinknag
rugkriewelend herbeleef:
anderwêrelds, buitenissig en gewaag.





**[Uit: *Najaarswys*]**

5.1. Wie is die **eienaar** van die sirkus? (1)

5.2. Hoe weet ons dat die **sirkustent** baie **groot** is? Haal <u>TWEE WOORDE</u> uit die **eerste strofe** aan om te bewys dat die sirkustent baie groot is. (1)

**(Blaai asseblief om…)**

5.3. Na watter **TWEE diersoorte** word in die gedig verwys? **(Strofe een)** (2)

5.4. **Verduidelik** waarom die trapeesmeisie se hande "met wit bestryk" is. (2)

5.5. Haal 'n voorbeeld van **ALLITERASIE** uit die **derde strofe** aan. (1)

5.6. Haal **EEN woord** uit die gedig aan wat **progressie** aandui. **(Strofe drie)** (1)

5.7. Wie is die **spreker** in die gedig? (1)

5.8. **Waar** speel die gebeure rondom die sirkus af? (1)

**[10]**

==========================================================================






**(Blaai asseblief om…)**

**Vraag 6** – **Gesiene gedig**

Lees die volgende gedig aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae soos versoek.

# Sonvanger – Valiant Swart

kyk of jy vir my die son kan vang
daar's 'n kamer in die huis waar ons die son kan hang
dis donker by die venster in die middel van die dag
onthou jy hoe helder die kamer kon lag




kyk of jy vir my die son kan bring
daar's 'n liedjie in die gange wat die son kan sing
dis stil in die hoeke hierdie koue seisoen
kan jy sien wat die wind en die reën aan my doen

*sonvanger*
*ek vra jou mooi*
*laat hom weer vir my kom skyn*
*sonvanger*
*laat my verstaan*
*hoe 'n somer*
*sommerso in die niet kan verdwyn*
*en laat hom skyn*

kyk of jy vir my die son sal kry
daar's 'n huisie in my hart waar die son kan bly
kyk of jy vir my die son kan steel
daar's 'n plekkie in die tuin waar die son kan speel



*sonvanger*
*ek vra jou mooi*
*laat hom weer vir my kom skyn*
*sonvanger*
*laat my verstaan*
*hoe 'n somer*
*sommerso in die niet kan verdwyn*
*en laat hom skyn*

bring 'n bietjie lig
vir die draaie op my pad
en 'n handjie vol strate
vir die donker in my hart

*sonvanger. . .*

**(Blaai asseblief om…)**

6.1. Wat word 'n strofe van **vier versreëls** genoem? (1)

6.2. Watter soort **rymskema / rympatroon** tref ons in **strofe 1** aan?
**(Moenie die letters neerskryf nie!)** (1)

6.3. Wat word die herhaling in **strofe 3 en 5** genoem? (1)

6.4. Hoekom wil die moeder die son in die seun se kamer hang? Gee TWEE redes. (2)

6.5. Skryf TWEE voorbeelde van **personifikasie** uit die gedig neer. (2)

6.6. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die **LETTER** neer.

*As die son in die gang van die huis skyn, sal dit vir die ouers voel of hulle. . .*

A: sang hoor
B: strale sien
C: ligte sien
D: harde stemme hoor. (1)

6.7. Watter **TWEE seisoene** kom in die gedig voor? (2)

6.8. Waarom word daar juis op die twee seisoene in vraag 6.7. gefokus? Verduidelik. (2)

6.9. Wat is die **TEMA** van die gedig? (2)

6.10. Watter **sintuig** word deur die woorde "lag" en "sing" beklemtoon? Kies slegs die korrekte woord. **(sig / gehoor / tas / reuk)** (1)

6.11. Wat is die **letterlike betekenis** van 'n sonvanger? (2)

6.12. Wie is die **spreker** in die gedig? (1)

6.13. Wie is die "jy" waarna die spreker in **versreël 4** verwys? (1)

6.14. Waarna verwys die woorde "draaie in my pad" in **strofe 6**? Verduidelik. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

==================================================================



**(Blaai asseblief om…)**

**AFDELING D – Taalleer**

**Vraag 7** (Woordstrukture)

Lees die volgende paragraaf deur. Skryf slegs die **nommer** en die **KORREKTE WOORD** op jou antwoordblad neer. Korrekte **SPELLING** is 'n vereiste.

# Kingswood College is tops!

Kingswood College is in Grahamstad in **(7.1. SA – skryf die afkorting uit)** geleë. Kingswood College is die **(7.2. goed)** skool in Grahamstad. Alhoewel ons in 'n klein **(7.3. dorp)** woon, is die skool relatief groot. Ons skooluniform lyk soms **(7.4. baie vaal)**, maar ons is baie trots op ons uniform. Die graad een-meisies dra in die winter **(7.5. baie rooi)** truie.

Op Woensdae mag leerlinge die *Peppergrove*-inkopiesentrum besoek. Ons stap in groot **(7.6. groep)**, want meneer Guthrie is **(7.7. baie bang)** dat ons beroof sal word. Afrikastraat is een van die **(7.8. lank)** strate in die dorp. Daar is baie gate in al die **(7.9. pad)**. Ons neem soms baie **(7.10. foto)** wanneer ons in die strate stap of 'n partytjie bywoon.

Die laerskool is **(7.11. klein)** as die hoërskool. In die middae speel ons sport. In die somer word Grahamstad **(7.12. baie warm)** en het ons soms nie in die middae skool nie. Daar is **(7.13. 14 – skryf die getal uit)** verskillende sportsoorte waaraan ons kan deelneem. Om **(7.14. 18:30 – skryf die tyd in woorde)** eet ons aandete. My Afrikaansonderwyser se naam is **(7.15. meneer – skryf die afkorting neer)** Scholtz. **(7.16. Hy / Sy / Hom)** is ook die hoof van Gane-koshuis. Ons is baie gelukkig om leerlinge van Kingswood College te wees.

**[16 x ½ = 8]**

==============================================================

**(Blaai asseblief om…)**

**<u>Vraag 8</u>** (Sinstrukture)

**<u>Herskryf die volgende sinne deur elke keer met die gegewe woord(e) te begin.</u>**

8.1. Matthew sit somtyds in die Wiskundeles en slaap.
**In die verlede. . .** (1)

8.2. Hannah eet elke dag slaai saam met haar middagete.
**Nee, . . .** (1)

8.3. Blake wil elke dag laat slaap.
**Laas jaar. . .** (1)

8.4. Cebo en Mike swem elke middag in die skool se swembad.
**Volgende maand. . .** (1)

8.5. Is julle ooit lus vir vis en skyfies op 'n Vrydag?
**Nee, . . .** (1)

8.6. (Quinlan)(om vinnig te hardloop)(het)(hard)(geoefen)(elke middag)
(op die atletiekbaan)
**Verlede maand. . .** (1)

8.7. Francoise is die slimste meisie in graad agt. Sy werk baie hard. **(want)** (1)

8.8. Donna is verlief op Nick. Hy is die kaptein van die vyfde rugbyspan. **(omdat)** (1)

8.9. Dayhna hou van netbal. Sy oefen elke dag na skool. **(dus)** (1)


8.10. Michaela hou baie van Kuns.
**Michaela hou nie . . .** (1)

8.11. Het Simeon al ooit sy tas by die huis vergeet?
**Nee, . . .** (1)

8.12. Meneer Koen het 'n baie netjiese klaskamer.
**Oormôre. . .** (1)

**[12]**

==================================================================



**(Blaai asseblief om. . .)**

Vraag 9 – Kommunikasie

**Let wel: Jou respons op elke vraag moet 15-20 woorde lank wees.**

9.1. Mnr. Opperman het gesê dat almal *Google Drive* moet gebruik. Jy weet egter nie hoe om *Google Drive* te gebruik nie. Vra mnr. Opperman om jou te help.

**9.1.1. Jy: ". . ."** (2)



9.2. Jy wil graag hê jou beste vriend / vriendin moet saam met jou see toe gaan vir die vakansie. Vra hom / haar of hy /sy saam met jou see toe wil gaan.

**9.2.1. Jy: ". . ."** (2)




# Dis lekker by die see…

**(Blaai asseblief om)**

9.3. Jy was vanjaar vreeslik lui in die klas. Jy voel baie sleg daaroor en gaan na jou onderwyser(es) om hom / haar om verskoning te vra vir jou luiheid.

**9.3.1. Jy: ". . ."** (2)




9.4. Sedert graad ses het jy heimlik 'n ogie op iemand spesiaal in jou graad. Sê vir die persoon hoe jy oor hom / haar voel.

**9.4.1. Jy: ". . ."** (2)



9.5. Jy het op die eerste dag van graad 8 op die kampus verdwaal. Vra een van die onderwysers vir **aanwysings** na jou klas.

**9.5.1. Jy: ". . ."** (2)




**[10]**

<u>**TOTAAL AFDELING D**</u>**: [30]**

==================================================================================

## <u>GROOTTOTAAL</u>: [100]